

Lêerno.: 12/2/R
Verwysing: 20240131-1353

Navorsingsminuut: 0001/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en onafhanklike skole en Voorsitters van beheerliggame

Kop opsomming: *Vrystelling van die 2023-uitslae van die WKOD se program vir sistemiese toetsing vir graad 3, 6 en 9.*

Onderwerp: Vrystelling van die 2023-uitslae van die WKOD se program vir sistemiese toetsing vir graad 3, 6 en 9

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het in Oktober 2023 die WKOD se sistemiese toetse in Taal en Wiskunde vir graad 3-, 6- en 9-leerders afgeneem.
2. Die uitslae is vanaf 09 Februarie 2024 op SOBIS beskikbaar. Skole word aangemoedig om so gou moontlik toegang tot hierdie uitslae te verkry sodat dit by hul skoolverbeteringsplanne ingesluit kan word.
3. Die uitslae wat aan skole beskikbaar gestel word bevat die slaagsyfers, gemiddelde puntetellings vir elke skool, asook prestasie in spesifieke areas van Taal en Wiskunde.
4. Die uitslae bevat ook diagnostiese verslae wat insig bied in leerders se prestasie volgens die voorgeskrewe assesseringstandaarde.
5. Skool- en diagnostiese verslae is op SOBIS beskikbaar en toegang daartoe kan as volg verkry word:
 - Kies die kieslysitem "Assessment and Exams" en dan "Systemic Testing Programme Results 2023". Kies een van die volgende op die aftreklys:
 - Vir graad 3, kies "Grade 3 Results 2023". Kies een van die volgende op die aftreklys: "School Report", "Language Diagnostic Report" of "Mathematics Diagnostic Report".
 - Vir graad 6, kies "Grade 6 Results 2023". Kies een van die volgende op die aftreklys: "School Report", "Language Diagnostic Report" of "Mathematics Diagnostic Report".

- Vir graad 9, kies "Grade 9 Results 2023". Kies een van die volgende op die aftreklys: "School Report", "Language Diagnostic Report" of "Mathematics Diagnostic Report".
6. Die inligting wat afgelaai is, behoort op die skerm te verskyn.
- Indien die inligting nie verskyn nie, gaan na die kieslysbalk bo-aan en kies "Tools". Kies dan "Pop-up Blocker", kies "Turn-off Pop-up Blocker" en klik.
 - Wanneer dit gedoen is, kies een van die grade om die uitslae te besigtig.
7. Vir enige navrae oor die inhoud van hierdie minuut, kontak asseblief die amptenaar wat, volgens die tabel hieronder, vir u distrik verantwoordelik is:

Kontakpersoon	Distrik
Mnr. Meshack Kanzi, tel. 021 467 2350 Meshack.Kanzi@westerncape.gov.za	Metro-Noord
	Metro-Oos
	Kaapse Wynland
	Overberg
Mnr. Vumile Nyalashe, tel. 021 467 9350 Vumile.Nyalashe@westerncape.gov.za	Metro-Sentraal
	Metro-Suid
	Weskus
	Eden en Sentrale Karoo
	Onafhanklike skole

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-02-08